



**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 20 JANUARIE 2021 OM 10:00**

---

**TEENWOORDIG:**

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)  
Uitvoerende Onderburgemeester, rdd M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl P E Solomons  
Rdl O M Stemele  
Rdh R F van der Westhuizen  
Rdd M van Zyl

Ander raadslede:

Die Speaker, rdl M A Rangasamy  
Rdl J M de Beer  
Rdl D G Bess

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz  
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M Bolton  
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann  
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit  
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger  
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys  
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche  
Bestuurder: Strategiese Dienste, mnr L Fourie  
Komiteebeampte: Me S Willemse

**1. OPENING**

Die Uitvoerende Burgemeester rig 'n spesiale woord van verwelkoming aan teenwoordigers op die eerste vergadering van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee van 2021 en versoek rdh R F van der Westhuizen om die vergadering met gebed te open.

**2. VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Geen verskonings is ontvang nie.

**3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE**

Geen

**4. NOTULES**

**4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 9 DESEMBER 2020**

**BESLUIT**

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 9 Desember 2020 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

## 5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

## 6. NUWE SAKE

### 6.1 BEGROTINGSBEHEERKOMITEE 2020/2021: HALF-JAARLIKSE AANSUIWERINGSKAPITAAL EN BEDRYFSBEGROTING TEGNIESE AANBEVELINGS (5/1/1/1, 5/1/1/2, 5/1/4)

Die halfjaarlikse aansuiweringskapitaal- en bedryfsbegroting is deur die Begrotingsbeheerkomitee gehou op 14 Januarie 2021 oorweeg ten einde tegniese aanbevelings aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voor te lê en derhalwe word –

**BESLUIT** (vir aanbeveling deur die Raad op 28 Januarie 2021)

- (a) Dat die Begrotingsbeheerkomitee vergader het nadat hulle die verduidelikings en motivering van die finansiële personeel en ander direkteure oorweeg het;
- (b) Dat die raad kennis neem van die wysigings wat verband hou met Artikel 19 met betrekking tot die Sewerage Works Project: Moorreesburg en Darling (**Annexure A-2: 2020/21 – 2022/23 Capital Projects ito Sec 19**);
- (c) Dat goedkeuring verleen word om die hoë-vlak kapitaal- en bedryfsbegroting vir 2020/2021 as volg te wysig:

	Oorspronklike Begroting 2020/21	Oorrol Aansuiweringsbegroting 2020/21	Mid-Year Adj Budget 2020/21	Increase / Decrease	Oorspronklike Begroting 2021/22	Oorspronklike Begroting 2022/23
Kapitaalbegroting	212 435 837	213 132 732	210 663 962	(2 468 770)	137 639 479	137 710 243
Bedryfsuitgawes	810 670 080	811 033 080	812 313 341	1 280 261	889 949 652	924 976 102
Bedryfsinkomste	882 786 413	890 266 902	892 987 735	2 720 833	928 907 555	998 866 120
<b>Begrote (Surplus)/ Tekort</b>	<b>(72 116 333)</b>	<b>(79 233 822)</b>	<b>(80 674 394)</b>	<b>(1 440 572)</b>	<b>(38 957 903)</b>	<b>(73 890 018)</b>
Minus: Kapitaal Toekennings, Donasies & Ontwikkelingsbydraes	86 863 600	81 163 089	79 226 340	(1 936 749)	28 897 050	66 713 153
<b>(Surplus)/ Tekort</b>	<b>14 747 267</b>	<b>1 929 267</b>	<b>(1 448 054)</b>	<b>(3 377 321)</b>	<b>(10 060 853)</b>	<b>(7 176 865)</b>

- (d) Dat dit in ag geneem moet word dat die veranderinge in die begroting geen impak op tariewe het ten opsigte van die 2020/2021 finansiële jaar nie maar sal lei tot 'n afname in die begrote tekort van R 1 929 267 na 'n begrote surplus van R 1 448 054;
- (e) Dat die Raad goedkeuring verleen om voort te gaan met die verskaffing van die eerste 2 kl waterverbruik gratis aan alle residensiële verbruikers (wat volgens die definisie Deernishuishoudings insluit) vir die oorblywende ses maande van die 2020/2021 boekjaar. Die uitgawe word gefinansier deur die Equitable Share addisionele toekenning geormerk vir Covid-verwante uitgawes. Die voormelde is 'n tussentydse maatreël in 'n poging om verligting te bring aan verbruikers wat hard getref is. Dat verder kennis geneem word, in 'n poging om regverdig en billik te wees, dat alhoewel nie alle verbruikers sukkel nie, daardie verbruikers wat wel in staat is om hulle rekening te betaal, maar dit nie doen nie, onderworpe sal wees aan die implementering van die Raad se kredietbeheermaatreëls namate die verbruikers se agterstallige skulde toeneem;
- (f) Dat die aangepaste begrotingskedules soos vereis deur die Begroting en Verslagdoening Regulasies goedgekeur word soos vervat in (**Annexure C: Budget Report and B-Schedules 2020/21 – 2022/23**) sowel as die regstellings

aan die 2020/21 begrotingskedules wat tydens die verifikasieproses geïdentifiseer is;

- (g) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotingsomsendbriewe en –formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;
- (h) Dat die Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) toepaslik dienooreenkomstig gewysig word.

## **6.2 WYSIGING VAN KPI'S EN TEIKENS VIR 2020/2021 (2/4/2)**

Die huidige sleutelprestasie-aanwysers (KPI's) en teikens vir 2020/2021 is op 22 Januarie 2020 deur die Burgemeesterskomitee goedgekeur.

Ingevolge artikel 42 van die Wet op Munisipale Stelsels (Wet 32 van 2000) moet die munisipaliteit, deur toepaslike meganismes, prosesse en prosedures wat ingevolge Hoofstuk 4 ingestel is, die plaaslike gemeenskap betrek by die hersiening van die munisipaliteit se prestasiebestuurstelsel, en laat veral die gemeenskap toe om deel te neem aan die opstel van toepaslike sleutelprestasie-aanwysers en prestasieteikens vir die munisipaliteit.

### **BESLUIT**

Dat die aangehegte sleutelprestasie-aanwysers (KPI's) en teikens goedgekeur word met ingang van 1 Julie 2020 (terugwerkend).

## **6.3 ERKENNING VAN RAADSHEERSKAP (3/1/5)**

Die Raad het op 'n Spesiale Raadsvergadering gehou op 26 Maart 2009 die beleid vir die erkenning van raadsheerskap aanvaar.

Die beleid het ten doel om erkenning te gee aan raadslede se uitsonderlike prestasies van die lewering van uitsonderlik verdienstelike diens in belang van die Munisipaliteit.

### **BESLUIT**

- (a) Dat aanbeveel word dat Raadsheerskap aan die volgende raadslede toegeken word:
  - (i) Rdl M A Rangasamy (somtotaal van 26 punte);
  - (ii) Rdl O M Stemele (somtotaal van 24 punte);
- (b) Dat kennis geneem word dat daar geen kwalifisering ten opsigte van die betrokke raadslede bestaan ingevolge die strafbepaling soos vervat in die beleid nie;
- (c) Dat die toekenning gemaak sal word rdl Rangasamy en Stemele tydens die raadsvergadering op Donderdag, 28 Januarie 2021.

## **6.4 AANWYS VAN WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER (4/8/3)**

Die aanwys van die waarnemende Munisipale Bestuurder word vir goeie orde in oorleg met die Uitvoerende Burgemeester en Uitvoerende Burgemeesterskomitee gedoen.

### **BESLUIT**

- (a) Dat kennis geneem word van die verlenging van die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste se termyn van waarneming tot Vrydag, 22 Januarie 2021;
- (b) Dat kennis geneem word dat die Direkteur: Beskermingsdienste vanaf 25 Januarie 2021 tot 29 Januarie 2021 sal waarneem as Munisipale Bestuurder, ten einde die Munisipale Bestuurder geleentheid te gee om ten volle te herstel.

## **6.5 VOORGESTELDE VERHURING VAN NYWERHEIDSGROND TE MOORREESBURG VIR AKKERBOUDOELEINDES (12/2/5/5-9/2)**

Die Munisipaliteit beskik oor ±17,7 ha grond in Moorreesburg. Dit word aan die hand gedoen dat 'n openbare mededingingsproses weer deurloop word om die grond vir akkerbouoedeleinde beskikbaar te stel, ten behoeve van of aan 'n plaaslik (Moorreesburg)-gebaseerde openbare weldaadsorganisasie, wat met hetsy welsyns-, humanitêre of kulturele aktiwiteite gemoeid moet wees.

### **BESLUIT**

- (a) Dat goedkeuring verleen word dat voorstelle ingewin word vir die verhuring van 'n gedeelte (groot ± 17.7 ha) van erf 1133, Moorreesburg vir 'n periode wat nie twaalf maande oorskry nie, met ingang vanaf 1 April 2021;
- (b) Dat voorstelle ingewin word op die basis en voorwaardes soos vervat in die konsep kennisgewing in Aanhangsel B tot die verslag;
- (c) Dat die Munisipale Bestuurder met volmag beklee word om 'n komitee aan te wys om die voorstelle wat ontvang word te oorweeg en 'n toekenning te maak in oorlegpleging met die betrokke wyksraadslid;
- (d) Dat die Direkteur: Korporatiewe Dienste met volmag beklee word om die inhoud van die huurooreenkoms te finaliseer, asook die ondertekening daarvan;
- (e) Dat die voornemende huurder daarop bedag gemaak word dat aanplanting nie mag oorskry op erf 5520, wat aan Boland Diesel h/a AfricOil behoort en na verwagting binnekort ontwikkel sal word nie.

## **6.6 HUUROOREENKOMS: MUNISIPALITEIT SWARTLAND / MALMESBURY GHOLFklub – AANSOEK OM ONDERVERHURING (K2/1/2- Vol 2)**

Die bestaande gholfaanleg op Malmesbury wat 'n gedeelte van erf 327 (± 35 ha groot), erf 9471 (± 14,4 ha groot) en erf 9472 (± 6,8 ha groot) insluit, word tans aan die Malmesbury-gholfklub verhuur ingevolge bepalings van 'n huurooreenkoms wat op 30 September 2029 verstryk.

'n Skriftelike versoek is namens die gholfklub ingedien vir die skriftelike toestemming vanaf die Raad vir die onderverhuring van die kombuis, sitkamer en ander areas wat verband hou met die bestuur van 'n restaurant.

### **BESLUIT**

Dat toestemming onder hand van die Munisipale Bestuurder verleen word vir die onderverhuring van kombuis, sitkamer en ander areas van die gholfklubhuis wat met die bedryf van 'n restaurant verband hou, onderhewig daaraan dat die Gholfklub steeds aanspreeklik sal wees vir die volle huurgeld soos bepaal in die huurooreenkoms, asook dienstegelde (water, elektrisiteit, ens) wat met die onderverhuurde gedeelte verband hou.

## **6.7 UITSTAANDE DEBITEURE: DESEMBER 2020 (5/7/1/1)**

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

**BESLUIT** dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Desember 2020.

## **6.8 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)**

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

**BESLUIT** dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 31 Desember 2020 soos met die sakelys gesirkuleer.

**6.9 VERSLAG INSAKE DIE IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENINGKANAAL-BESTUURSBELEID VIR DIE PERIODE 1 OKTOBER 2020 – 31 DESEMBER 2020 (8/1/B/2)**

Artikel 6(3) van die *Supply Chain Management*-regulasies bepaal dat daar op 'n kwartaallikse basis aan die Uitvoerende Burgemeester verslag gedoen moet word aangaande die werksaamhede van die betrokke afdeling.

**BESLUIT**

- (a) Dat kennis geneem word van die kwartaalverslag ten opsigte van die implementering van die beleid vir die Voorsieningkanaalbestuursbeleid soos beoog in artikel 6 (3) van die regulasies, asook verslae oor die formele tenders (bylae A), informele tenders (bylae B) , en die Afwykingsverslag (Aanhangsel C);
- (b) Dat kennis geneem word van die dienste wat gelewer word vir die periode 1 Oktober 2020 tot 31 Desember 2020, met verwysing na die uitsonderings waar dit onprakties is om die mark te toets en daarom 'n afwyking van die verkrygingsprosesse regverdig ingevolge paragraaf 2 (6) van die Beleid oor die Voorsieningkanaalbestuursbeleid (Bylae D);
- (c) Dat kennis geneem word van Covid-19-verwante nood aankope onder die drempelwaarde van R30 000,00 tot 'n bedrag van R 14 375,00.

**6.10 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSESSE: DRINGENDE AANSTELLING VAN 'N SPESIALIS DIENSVERSKAFFER OM DIE MUNISIPALITEIT BY TE STAAN MET DIE ICT-SEKURITEITSBREUK (8/1/B/2)**

Swartland Munisipaliteit het 'n sekuriteitsbreuk gehad met die munisipale inligting- en kommunikasietegnologie (IKT) -stelsels gedurende die periode 22 tot 26 Oktober 2020.

As gevolg van die sekuriteitsbreuk is verskeie bedieners en datalêers op Microsoft gebaseer deur 'n kwaadwillige akteur en die primêre rugsteundata en kopieë is uitgevee.

**BESLUIT**

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word om nie tenders uit te nooi nie, maar om die aanvaarding van die kwotasie vir die aanstelling van die sekuriteitsspesialis-IKT-maatskappy BUI, gebaseer op meetbare ure tot 'n maksimum bedrag van R350 000,00, BTW uitgesluit;
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses om die noodsituasie te verlig, soos volg aangeteken word:
  - (i) Die voorsiening en beskikbaarheid van munisipale inligtings- en kommunikasiedienste is noodsaaklik vir munisipale bedrywighede;
  - (ii) Die outomatiese administratiewe prosesse van die munisipaliteit, waaronder verskaffingskettingfunksies, alle elektroniese kommunikasie en alle datalêers is ontoeganklik gemaak, wat 'n noodsituasie uitmaak;
- (d) Dat kennis geneem word dat die uitgawes aan mSCOA-kode: 9 / 216-1023-1911 toegeken is en dat daar voldoende befondsing beskikbaar is vir die gekwoteerde bedrag van R350 000,00 (BTW uitgesluit);
- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer opdrag gegee word om bogenoemde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**6.11 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSESSE: DRINGENDE HERSTELWERK AAN VOORLAAIER, CK49106 (8/1/B/2)**

Die munisipaliteit plaas 'n voorlaaier CK49106 in die Swartland munisipale gebied as deel van die onwettige opruimingspan. Die laaier is 'n 2016 Volvo L60GZ.

Babcock International is die oorspronklike diens- en ondersteuningsagent vir vervaardigers van Volvo Construction Equipment in Suid-Afrika.

**BESLUIT**

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word met verwysing na die dringende herstelwerk aan die voorlaaier CK49106, vir 'n bedrag van R 102 758,01 (BTW uitgesluit);
- (c) Dat die rede vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
  - (i) Die herstelwerk word gedoen deur die plaaslike diens- en ondersteuningsagent vir Volvo-toerusting, synde Babcock International;
- (d) Dat kennis geneem word dat die uitgawes mSCOA-kode: 9 / 241-1253-709 toegeken is en dat daar voldoende finansiering beskikbaar is vir die gekwoteerde bedrag van R 102 758,01 BTW uitgesluit;
- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer opdrag gegee word om bo-genoemde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**6.12 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSESSE: DRINGENDE HERSTELWERK AAN VULLISVERWYDERINGSVRAGMOTOR, CK 43815 (8/1/B/2)**

Die munisipaliteit gebruik 'n kompakte vragmotor CK 43815 in Malmesbury om afvalverwyderingsdienste te lewer. Die vragmotor is 'n 2011-model UD330 en toegerus met 'n Heil 5000-kompakteereenheid.

Die voertuig word tans in die 2024/2025 finansiële jaar vervang en die herstelwerk is 30% van die toelaatbare limiet. Dit het dus goeie praktyk oorweeg om die onkoste vir die herstelwerk aan te gaan.

**BESLUIT**

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word met verwysing na die dringende herstelwerk aan die vragmotor CK43815 vir die bedrag van R 76 497,64 BTW uitgesluit;
- (c) Dat die rede vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
  - (i) Die diens en herstelwerk is gedoen deur die plaaslike diens- en ondersteuningsagent vir die Heil 5000 kompakteereenheid, Transtech;
  - (ii) Die diens is slegs beskikbaar deur die enkele diensverskaffer;
- (d) Dat kennis geneem word dat die uitgawes mSCOA-kode: 9 / 241-1253-709 toegeken is en dat daar voldoende finansiering beskikbaar is vir die gekwoteerde bedrag van R 76 497,64 (BTW uitgesluit);

- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer opdrag gegee word om bogenoemde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**(GET) T VAN ESSEN**  
**UITVOERENDE BURGEMEESTER**